



NORTH-WEST UNIVERSITY[®]
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

BELEID OOR FISIESE INFRASTRUKTUUR

Verwysingsnommer	5P/5.1
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite
Beleideienaar	Direkteur: Fisiese Infrastruktuur en Beplanning
Verantwoordelike afdeling	Fisiese Infrastruktuur en Beplanning
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	31 Julie 2015
Wysigings	
Datum van wysigings	
Hersieningsdatum	2017
Prosedures ingevolge hierdie beleid	Geen
Webadres van hierdie beleid	http://www.nwu.ac.za/af/content/beleide-en-reels
Adres op die beleid-databasis	RMA SHARE:\2. Management\2.1.3 Policy development and review\2.1.3.2 Review\Database\Policy documents\5P-5.1_Physical Infrastructure_a.docm

BELEID OOR FISIESE INFRASTRUKTUUR

1 Aanhef

As 'n toonaangewende universiteit in Afrika, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie, gegrond op die waardes wat die Universiteit voorstaan, het die Noordwes-Universiteit (hierna die NWU genoem) hierdie Beleid oor Fisiese Infrastruktuur op 31 Julie 2015 aanvaar.

2 Beleidsdoelstellings

Die beleid oor Fisiese Infrastruktuur stel die Raad van die NWU in staat om toesig te hou oor die volhoubare, verantwoordelike en doeltreffende bestuur van die Universiteit se fisiese infrastruktuurbeplanning en -ontwikkelingsaktiwiteite, verwante fasiliteitebestuursverantwoordelikhede, en verwante ruimtebestuursfunksies. Die beleid sal as raamwerk dien vir die ontwikkeling van riglyne en die implementering van prosedures om die beleid te ondersteun.

3 Toepassing van beleid

Die beleid geld vir alle fisiese infrastruktuur wat deur die NWU besit of bedryf word, hetsy vir onderrig en leer, navorsing, studenteakkommodasie of enige ander bedryfs- of niebedryfsdoeleindes.

Die beleid word ondersteun deur alle relevante wetgewing wat op die Universiteit van toepassing is en regulasies wat daarvolgens uitgereik is, ander toepaslike NWU-beleide, sowel as tegniese standaarde en norms wat deur die Universiteit aangepas is.

4 Doelwitte van die beleid

Met hierdie beleid wil die NWU:

- die NWU Raad in staat stel om te verseker dat nuwe infrastruktuur in lyn met strategiese doelwitte ontwikkel word, dat bestaande gebou-ruimte en verwante infrastruktuur optimaal aangewend word, en dat alle fisiese infrastruktuur doeltreffend bestuur en onderhou word;
- bestuurders en werknemers by te staan met die totstandbrenging van 'n gesonde beheeromgewing en die beperking van die risiko's verbonde aan die uitvoering van hul pligte;
- die ononderbroke gebruik van fasiliteite verseker;
- voldoening aan relevante wetgewing, regulasies en standaarde verseker;
- konsekwente praktyke, standaarde, bedryfsdoeltreffendheid en beste praktyk bevorder;
- billikheid herstel.

5 Beleidsverklaring en -vereistes

5.1 Fisiese infrastruktuur – riglyne en prosedures

Hierdie Beleid moet saam met die NWU se jongste infrastruktuur-riglyne en -prosedures, wat ooreenkomstig hierdie beleid daargestel is, lees.

5.2 Fisiese infrastruktuurontwikkeling

5.2.1 Infrastruktuurbeplanning

1. 'n Jaarlikse infrastruktuurplan moet vir goedkeuring aan die NWU se Raad voorgelê word.
2. Die plan moet aan fisiese infrastruktuur se korttermyn-, mediumtermyn- en langtermynvereistes voldoen en ander strategiese planne van die NWU ondersteun. Vereistes met betrekking tot ekstra

akademiese ruimte en navorsingruimte moet in ooreenstemming met die NWU se inskrywingsplan, strategiese planne wat betref die grootte en vorm van die Universiteit, onderrig- en leerplanne, en goedgekeurde navorsingsplanne gemotiveer word; vereistes vir nie-akademiese ruimte en/of algemene infrastruktuur moet ooreenkomstig formele strategiese planne by ondersteuningsdienste gemotiveer word. Vereistes met betrekking tot inkomstegenererende entiteite se vereistes vir ekstra ruimte moet gemotiveer word ooreenkomstig besigheidsplanne soos deur die NWU goedgekeur.

3. Die konstruksie van nuwe fasiliteite mag slegs oorweeg word indien 'n formele evaluering bevind dat die ekstra ruimte wat vereis word nie redelikerwys binne die bestaande infrastruktuur geakkommodeer sal kan word nie.
4. Geskeduleerde makro-instandhoudingsplanne, sowel as planne om moontlike grootskaalse, voorheen uitgestelde, instandhouding aan bestaande infrastruktuur te doen, moet as deel van die plan ingesluit word.
5. Die plan moet aangevul word met sketse wat die langtermyngrondgebruik van al die Universiteit se hoofkampus eiendomme, binne 'n buigsame stedelike ontwerpraamwerk, aandui.

5.2.2 Goedkeuring van infrastruktuurprojekte

1. Na aanleiding van die infrastruktuurplan sal die Institusionele Bestuur 'n lys van nuwe ontwikkelings-/herontwikkelingsprojekte, makro-instandhoudingsprojekte en uitgestelde instandhoudingsprojekte by die Bate- en Finansiële Komitees as deel van die jaarlikse begrotingsproses vir evaluering aanbeveel.
2. Alle projekte met betrekking tot nuwe infrastruktuur, byvoegings, verbouings en die sloping van bestaande infrastruktuur moet deur die NWU se Raad goedgekeur word voordat daar met die finale tegniese ontwerpe, verkryging van tenders en bouwerk begin kan word.

Die volgende uitsonderings geld:

- Aangewese bestuurskomitees het die gesag om klein verbouings goed te keur ooreenkomstig die skedule van tekenmagte en die goedgekeurde begrotingstoewysings vir geringe bouwerk;
 - Dringende versoeke vir ongeskeduleerde infrastruktuurprojekte mag ooreenkomstig die jongste skedule van tekenmagte (uitgereik volgens die NWU se Finansiële Beleid) goedgekeur word, onderhewig aan die voorwaarde dat die projekte as 'n saak van dringendheid goedgekeur moet word om spesifieke bedryfsrisiko's te verlig, en aan die voorwaarde onderworpe dat sulke ad hoc-projekte deur eksterne of kapitaalbefondsing, wat reeds as deel van infrastruktuurvoorsiening deur die Raad van die NWU goedgekeur is, gefinansier sal word.
3. Indien dit tydens die beplanning- en ontwerpfasies van die projek duidelik word dat beduidende veranderinge aan die bestek van die projek vereis gaan word met betrekking tot die goedgekeurde bestek en dat dit die projek se goedgekeurde begroting met meer as 10% gaan affekteer, moet die projek terugverwys word vir hergoedkeuring.
 4. Begrotings vir makro-instandhoudingswerk en uitgestelde instandhoudingsprojekte moet as deel van die begrotingsproses deur die NWU se Raad goedgekeur word alvorens tenders verkry word en instandhoudingswerk begin.

5.3 Infrastruktuurontwerp en -konstruksie

1. Die NWU se Institusionele Bestuur sal formeel 'n departement binne die NWU aanwys om alle infrastruktuurprojekte te bestuur. Hierdie departement sal verantwoordelik wees vir die ontwerp en voltooiing van werk en om seker te maak dat projekte binne die begroting en tydgleuf voltooi word en met voldoening aan tegniese, wetlike en veiligheidsvereistes.
2. Finale infrastruktuurontwerp en -konstruksie moet aan alle wetgewing, onder andere die volgende, voldoen:
 - Voldoening aan Suid-Afrikaanse Nasionale Standaard – SANS 10400 (jongste wysigings);
 - Voldoening aan die NWU se Aanheftekste vir Konstruksiewerk (2011, insluitende jongste wysigings);
 - Voldoening aan die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid van 1993 sowel as ondersteunende Regulasies ingevolge die Wet uitgereik;
 - Voldoening aan toepaslike plaaslike regeringsordonnansies;
 - Nuwe geboue moet redelike toegang tot fasiliteite aan mense met gestremdhede bied in ooreenstemming met SANS 10400, Deel S;
 - Nuwe fasiliteite moet die estetika van die aangrensende strukture komplementeer en moet

funksioneel ontwerp word vir maklike instandhouding, met oorweging van omgewingsrentmeesterskap en volhoubaarheid.

5.4 Infrastruktuur – ruimtebestuur

5.4.1 Eienaarskap van gebou ruimte en verwante ruimte

Kragtens hierdie beleid word alle gebou ruimtes en verwante infrastrukturele ruimtes as toewysbare eiendom van die Universiteit beskou en is onderhewig aan toewysing en hertoewysing om optimale benutting te verseker. Geen ruimtetoewysing impliseer permanensie nie, maar is onderhewig aan voortdurende herevaluering en kan, indien dit strategies geregverdig is, hertoegewys word in ooreenstemming met die Infrastruktuurplan.

5.4.2 Toewysing van gebou ruimte

Die volgende beginsels geld vir die toewysing van gebou ruimte:

- Om billike en deursigtige ruimtetoewysingspraktyke te verseker sal die toewysing van ruimte volgens die reëls en standaarde van Hemis, die Departement van Hoër Onderwys en SANS 10400 bestuur word.
- Waar moontlik moet die "gedeelde ruimte"-beginsel toegepas word om die optimale benutting van fasiliteite te verseker en om fasiliteitverwante bedryfskoste tot 'n minimum te beperk;
- Fakulteite/Departemente moet sover moontlik in aangrensende ruimtes gehuisves word.

5.4.3 Die uitverhuur van gebou ruimte en ander infrastruktuur

Oortollige ruimte sal slegs aan eksterne entiteite uitverhuur word indien 'n formele evaluering bevind dat daar geen interne behoefte na die betrokke spasie gaan wees vir die duur van die huurtydperk nie.

Interne belanghebbendes moet voor die sluiting van die huurooreenkoms met 'n eksterne entiteit geraadpleeg word om te verseker dat die verhuurde spasie geskik is vir die funksie waarvoor dit benut gaan word.

5.4.4 Koste van ruimte

1. Entiteite aan die Universiteit wat eksterne inkomste genereer moet 'n finansiële bydrae vir die gebruik van die fasiliteite maak sodat koste wat direk met die fasiliteit verband hou, soos instandhouding, skoonmaakdienste, munisipale rekeninge, versekering, ens, ten minste daaruit gedek kan word.
2. Fakulteite en departemente (ondersteuningsdepartemente ingesluit) moet betaal vir die ruimte wat hulle gebruik.
3. Die koste van ruimte moet vooraf vasgestel word en as deel van die begrotingsproses vir verwysingsdoeleindes gepubliseer word.

5.4.5 Administrasie, verslagdoening en kontrole van ruimte

1. 'n Sentrale ruimtedateregister moet gehou word om die Universiteitsbestuur in staat te stel om ingeligte besluite oor die doeltreffende bestuur van ruimte te maak.
2. Die benutting van fasiliteite moet gereeld geëvalueer word om rekenskap te gee van die toepaslike benutting van ruimte in ooreenstemming met die Universiteit se strategiese planne en ruimtetoewysingstandaarde.

5.5 Instandhouding van Fisiese Infrastruktuur

5.5.1 Integrasie van instandhoudingsprosesse

Infrastrukturele verbetering aan Universiteitseiendomme moet effektief en doeltreffend in stand gehou word om bedryfsdoeltreffendheid te ondersteun, sowel as om volgehoue gebruik, beroepsgeondheid en veiligheid, en finansiële lewensvatbaarheid te verseker.

'n Geïntegreerde instandhoudingsbenadering, wat onklaarrakingsinstandhouding, voorkomende instandhouding, toestandsgebaseerde instandhouding en makro-instandhoudingsprosesse in 'n enkele instandhoudingsplan saamvat, moet gevolg word om te verseker dat die infrastruktuur van fasiliteite en dienste optimaal in stand gehou word om die agteruitgang van bates te voorkom.

5.5.2 Onklaarrakingsinstandhouding

Reaktiewe onklaarrakingsinstandhouding moet op 'n "soos en wanneer"-basis uitgevoer word om te verseker dat defekte wat wel voorkom dringend herstel word om moontlike onderbreking in die gebruik van die fasiliteit te voorkom en om verdere skade aan die infrastruktuur te voorkom sowel as om gesondheids-, veiligheids- en sekuriteitsrisiko's aan te spreek.

Dienste moet op 'n 24-uur-grondslag beskikbaar wees om ook nauurs aan noodgevalle te kan aandag gee.

5.5.3 Voorkomende instandhouding

Voorkomende instandhoudingsprogramme moet geïmplementeer word en aan voldoen word om te verseker dat die geskeduleerde korttermyn- en mediumtermynversiening van alle diensbare toerusting, geboustelsels, gebouafwerkings, strukturele komponente en infrastrukturele dienste gereeld gedoen word sodat die maksimum nuttige gebruiksduur van elke fisiese bate daaruit verkry kan word voor dit vervang word. Die doelstelling van sulke programme sal ook in staat wees om die volgende te voorkom:

onnodige onklaarrakings en bateonklaarrakings, sowel as hoë instandhoudingskoste as gevolg van uitgestelde instandhouding.

Daar moet rekord gehou word van instandhoudingskedules met die bestek, skedulering en uitvoering van alle voorkomende instandhoudingsprogramme daarop aangedui.

5.5.4 Toestandsgebaseerde instandhouding

Inspeksies moet gereeld gedoen word om alle defekte aan strukture, gebouafwerkings, infrastrukturele dienste en vaste toerusting te identifiseer. Die defekte wat geïdentifiseer is, moet reggestel word en rekord moet gehou word van alle defekte wat nie reggestel is nie (uitgestelde instandhouding).

5.5.5 Makro-instandhouding

Makro-instandhoudingsprogramme moet die geskeduleerde langtermyn en grootskaalse vernuwing van verouderde gebouafwerkings, sowel as die langtermyn vervanging van infrastrukturele of geboukomponente met 'n maksimum lewensverwagting van tien jaar, beplan en implementeer.

Nie uitgestelde infrastruktuur óf die installering van ekstra dienste, toerusting en vaste toebehore mag uit die makro-instandhoudingsbegroting gefinansier word sonder die goedkeuring van die Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite nie.

5.5.6 Uitgestelde Instandhoudingsprojekte

Waar nodig moet spesiale uitgestelde instandhoudingsprojekte geïnisieer word om agterstallige instandhoudingswerk in te haal en om werk wat nie volgens standaard gedoen is nie, reg te maak.

Onafhanklike kontrolemaatreëls moet gehandhaaf word om die vlakke van uitgestelde instandhouding op alle kampusse en Universiteitseiendomme te monitor en daarvoor verslag te lewer.

5.5.7 Instandhoudingsbegrotings

Bedryfsinstandhoudingsbegrotings moet as deel van die jaarlikse begrotingsiklus voorberei word en moet vooruitsigte vir onklaarrakingsinstandhouding en beramings van voorkomende instandhouding insluit.

Makro-instandhoudingsbegrotings gekoppel aan makro-instandhoudingsprogramme sowel as kosteberamings met betrekking tot uitgestelde instandhoudingswerk moet in die Infrastruktuurplan ingesluit word.

5.6 Energiebestuur

Die energie wat in alle Universiteitsfasiliteite gebruik word moet op 'n deurlopende grondslag gemeet en gemonitor word sodat verbruik gekwantifiseer kan word en abnormale en buitengewone gebruik geïdentifiseer en gerapporteer kan word.

Nuwe tegnologieë moet waar prakties en moontlik geïmplementeer word om energieverbruik te verminder, die gebruik van elektrisiteit tot 'n minimum te beperk en die doeltreffendheid van toerusting te verhoog.

'n Rugsteenaanleg wat elektrisiteit genereer moet bedryf en in stand gehou word om elektrisiteitsvoorsiening noodsaaklik vir kritieke installasies te verseker tydens onderbroke elektrisiteitsvoorsiening van Eskom of die plaaslike owerhede.

5.7 Wetgewende veiligheid van masjinerie en elektriese installasies

Om te verseker dat daar aan die bepalings van toepaslike veiligheidswette en die regulasies onderhewig daaraan voldoen word, moet 'n bevoegde persoon in 'n voltydse hoedanigheid aangewys word as die "Verantwoordelike persoon" aanspreeklik vir die veiligheid van masjinerie en elektriese installasies op alle kampusse. Die aanstelling van so 'n persoon moet voldoen aan statutêre vereistes en die persoon moet by die Departement van Arbeid geregistreer wees.

6 Delegering van verantwoordelikhede

Verantwoordelikhede mag slegs aan gekwalifiseerde persone gedelegeer word wat aktief by die uitvoering van take betrokke is, oor die relevante kennis (insluitende maar nie beperk nie tot die betrokke regulasies en beleide) en tegniese vaardighede beskik, en die gesag het om verantwoordelikhede uit te voer.

7 Verantwoordelikheid vir implementering, bestuur en monitering

Die nodige organisatoriese strukture moet deur die Visekanselier tot stand gebring word sodat aanspreeklikheid vir doeltreffende implementering, bestuur, voldoening en monitering van hierdie beleid gedelegeer kan word. Die gedelegeerde personeellede sal daarvoor verantwoordelik wees om die gees van die beleid te bevorder en om te verseker dat die beleid gevolg word.

8 Navrae

Institusionele Hoofdirekteur: Fisiese Infrastruktuur en Beplanning

Oorspronklike gegewens: (10935746) P:\Beleide\Raad Junie 2015\5P-5.1_Infrastructure Policy_a.docm
26 Augustus 2015

Verwysingsnommer: 5P/5.1